**Die brief aan die Romeine (OP264)**

**Romeine 1:1-7**

**26 Julie 2026**

Vandag wil ek graag begin met ‘n reeks oor die boek Romeine. Romeine is een van die boeke in die Bybel waaroor daar verskillende opinies bestaan. Dikwels word die opmerking gemaak dat Romeine ‘n moeilike boek is, met diepgaande teologiese argumente wat nie so maklik is om te snap nie, en daarom skram mense weg van die boek. Dit is egter opvallend om kennis te neem wat baie sogenaamde groot gelowiges al oor hierdie boek gesê het:

- Luther: “Hierdie brief is die belangrikste boek in die Nuwe Testament, die suiwerste evangelie. Dit behoort woord vir woord geken te word deur elke gelowige, dit behoort die onderwerp van elke gelowige se daaglikse oordenking te wees. Hoe meer tyd in hierdie brief spandeer word, hoe kosbaarder word dit”
- Calvyn: “As iemand die boek Romeine verstaan, het hy ‘n sleutel om die hele Skrif te verstaan”
- Coleridge: “Romeine is die mees diepgaande werk wat ooit geskryf is”
- Meyer: “Romeine is die grootste en rykste van al die apostoliese geskrifte”
- Codet sê die 16de eeuse hervorming was die resultaat van ‘n behoorlike verstaan van die boek Romeine en Galasiërs. Hy redeneer dat elke groot geestelike herlewing in die geskiedenis van die kerk terug herlei kan word na ‘n dieper verstaan van die boek Romeine.
- Gordon Clark: “Romeine is die mees diepgaande van al die briewe, en miskien die belangrikste boek in die Bybel”
- JI Packer: “Daar is een boek in die Nuwe Testament wat bykans alles wat die Bybel bevat in verband bring – dit is die brief aan die Romeine.”

Packer gaan voort en redeneer dat Romeine groot temas in die Bybel bymekaar bring en op ‘n sistematiese manier uiteensit – dit sluit die volgende temas in: sonde, die wet, oordeel, geloof, werke, genade, regverdigmaking, heiligmaking, uitverkiesing, die verlossingsplan, die werk van Christus, die werk van die Heilige Gees, die Christelike hoop, die aard en lewe van die kerk, die plek van die Jode en die heidene in die plan van God, die filosofie van die kerk en wêreldgeskiedenis, die betekenis en boodskap van die Ou Testament, die verantwoordelikhede van Christelike burgerskap, die beginsels van persoonlik vroomheid en etiek. Natuurlik is dit ‘n mondvol. Maar dit beteken ook dat as mens Romeine verstaan, het jy ‘n goeie begrip van die hele Bybel en hoe die verskillende dele bymekaar pas om die geheel te vorm. Romeine is dus ‘n goeie beginpunt om die Bybel verantwoordelik te interpreteer en om ‘n teologiese basis te vorm.

Steele en Thomas skryf in die voorwoord van hulle boek oor Romeine sedert die tweede helfte van die 20ste eeu leef ons in ‘n era van depressie – nie finansiële depressie nie, maar wel geestelike depressie. Daar is grootskaalse afvalligheid in kerke. Godsdienstige literatuur ondermyn dikwels die Skrif. Boonop het gemiddelde kerklidmate so ‘n swak Bybelkennis dat hulle nie behoorlik kan onderskei wat waar is en wat nie – trouens vir baie is dit nie eens meer belangrik om te onderskei nie. En dan praat ons nie eens van die aanslae van buite die kerk om mense af te rokkel nie. Steele en Thomas redeneer ‘n eerste stap om hierdie krisis aan te spreek, is om mense bloot te stel aan diepgaande lering uit die Johannes-evangelie en uit die boek Romeine. Ons het sopas die geleentheid gehad om oor ‘n periode van 17 maande deur die Johannes-evangelie te werk. En as die Here wil, hoop ek om oor die volgende verskeie maande sistematies deur die boek Romeine te werk.

Maar wat nou van daardie argument dat Romeine te diepgaande is, te moeilik, en te teologies? Wel, die punt is: die wêreld het juis teologie nodig! “Teologie” is die bestudering van “Theos”, dit is ‘n bestudering van God. En die wêreld van ons dag het juis God nodig. Natuurlik is ‘n bestudering van God moeilik. Maar soos enige moeilike onderwerp, hou dit ook groot voordeel in as mens dit eers gesnap het.

Vandag wil ek grootliks inleidende opmerkings oor die boek Romeine maak. Ek wil die volgende onderwerpe aanraak: (1) Die skrywer van die boek Romeine, (2) Die datum en plek waar Romeine geskryf is, (3) Die geadresseerdes van die boek Romeine, (4) Die karakter van die boek Romeine, (5) Die redes hoekom ons Romeine moet bestudeer, en (6) Die metodes om Romeine te bestudeer.

<u>Die skrywer van die boek Romeine</u>

Soos enige Bybelboek, is Romeine ten diepste geskryf deur die Heilige Gees. Maar die Heilige Gees het ‘n mens gebruik om dit te skryf – en in die geval van hierdie brief het die Heilige Gees Paulus gebruik – dit is baie duidelik uit Rom 1:1.

Natuurlik is Paulus net ‘n mens soos elkeen van ons. Maar dit is kosbaar om raak te sien dat hy ‘n unieke mens was, wat die Here op unieke wyse voorberei en toegerus het om diep spore te trap in die geskiedenis van die kerk, en gevolglik was hy ook in ‘n unieke posisie om deur die Heilige Gees gebruik te word om hierdie diepgaande boek te skryf. Dink aan die volgende: Paulus was gebore as ‘n Jood. Hy het groot geword as ‘n Jood. Hy was dus goed bekend met die Joodse taal, Hebreeus, en ook met die Joodse geskiedenis en die Joodse geloof. Trouens, hy was opgelei as ‘n Fariseër, daardie leiersgroep wat van die beste kennis gehad het van die Ou Testament. Boonop was Paulus ook nog ‘n Romeinse burger, met al die voorregte wat dit gebring het gedurende die periode wat die Romeine aan bewind was. Hy was ook goed bekend en vaardig in die Griekse kultuur van die dag. Kan ek dit maar so uitdruk: Paulus het ‘n goeie begrip gehad van wat in die wêreld van destyds gebeur het, en ook veral van wat onder die Jode gebeur het.

As toegewyde Fariseër het hy hom daarop toegelê om die Joodse geloof te verdedig, hy het selfs die vroeë Christene vervolg. Maar, toe konfronteer die Here Jesus self hom op pad na Damaskus, en Paulus word oortuig die Here Jesus is die Christus. En so word hy juis die apostel wat uitgestuur word om die evangelie aan die heidennasies te verkondig. Na sy bekering leef hy vir nog ongeveer 30 jaar waartydens hy ywerig is in sy lewe as Christen, en veral ook in sy verantwoordelikheid as apostel. Gedurende hierdie periode het die Here hom gelei tot ‘n diepgaande verstaan van die evangelie, hoe die evangelie voortvloei uit die Ou Testamentiese Joodse geloof – daardie geloof wat hy so goed geken het.

Nie net was Paulus uniek voorberei vir sy taak deur die pad wat sy lewensgeskiedenis geloop het nie. Nee, hy was ook ‘n besondere begaafde persoon.

- Dit is onmiskenbaar duidelik dat Paulus ‘n briljante intellek gehad het. Ons gaan dit in die boek Romeine in besonder sien – logiese redenasies wat hy gebruik om diepgaande leerstellige waarhede te verduidelik. Ek kan my net indink hoe Paulus ure moes sit en worstel onder die leiding van die Heilige Gees om hierdie redenasies so logies en sistematies te verstaan, en dan ook neer te skryf sodat die Romeine en ons dit ook kan verstaan.
- Paulus het egter nie net ‘n briljante intellek gehad nie, hy het ook ‘n yster wil gehad. Hy het verstaan wat dit beteken om te volhard ten spyte van swaarkry. In 2 Kor 11:23-28 beskryf hy hoe hy dikwels in die tronk was, uitermate geslaan is, dikwels in doodsgevaar was, selfs gestenig is, skipbreuk gely het, gevare tydens sy reise ervaar het, hard moes werk dikwels sonder kos, koud en nakend. En tog het dit Paulus nie van stryk gebring nie. Hy het verstaan

wat hy moes doen, en het die wil gehad om te volhard te midde van die swaar wat dit gebring het.
- Behalwe ‘n hoë intellek en ‘n yster wil, het Paulus ook groot deernis gehad. In Ef 3:8 beskryf hy hoe dit ‘n genade was dat hy die evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus aan die heidene mog verkondig. In 1 Tim 1:16 beskryf hy dat hy die grootste sondaar is, en tog mog hy ‘n voorbeeld wees vir die gelowiges. In 1 Kor 9:22 beskryf hy dat hy vir die swakkes swak geword het om hulle sodoende te wen, vir almal het hy alles geword sodat deur sy optrede ten minste sommige gered kon word. En sekerlik was dit ook wat Paulus wou bereik deur sy skrywe van die boek Romeine.

<u>Die datum en plek waar Romeine geskryf is</u>

Daar is goeie konsensus oor die plek waar Paulus was toe hy hierdie brief geskryf het: Hy was in Korinte. Dit word grotendeels afgelei uit die name waarvan ons lees in Rom 16. Kyk na die volgende drie gevalle:

- Febe: Lees Rom 16:1. Paulus sê dat hy hulle suster Febe by die Romeine aanbeveel. Hy voeg by dat Febe ‘n dienares was in die gemeente van Kenchreë. ‘n Onderskrif in die 2020 DAV dui aan dat Kenchreë die oostelike hawe van Korinte was – dit blyk dus dat Paulus in Korinte was toe hy hieroor geskryf het.
- Gaius: Lees Rom 16:23. Hier beskryf Paulus dat Gaius sy en die hele gemeente waar hy toe was, se gasheer was. In 1 Kor 1:14 lees ons egter dat Paulus in sy brief aan die Korintiërs skryf dat hy daar vir Gaius gedoop het. Gaius het dus in Korinte gewoon, en was die gasheer van Paulus terwyl hy die brief aan die Romeine geskryf het – ons kan dus aflei Paulus was in Korinte toe hy Romeine geskryf het.
- Erastus: Lees Rom 16:23. Erastus was die stadstesourier op die plek waar Paulus die brief aan die Romeine geskryf het. Uit 2 Tim 4:20 weet ons Erastus het in Korinte gewoon.

Dus, Paulus het die brief aan die Romeine in Korinte geskryf. Daar is ook goeie konsensus oor wanneer Paulus die brief geskryf het: Dit was heelwaarskynlik tydens sy derde sendingreis gedurende sy derde besoek aan Korinte. Hy het destyds vir drie maande in Korinte gebly (sien Hand 20:3). Op daardie stadium was Paulus op pad na Jerusalem, met die bydraes van die gemeentes in Masedonië en Agaje, vir die armes in Jerusalem. Dit beteken dat die brief geskryf is iewers gedurende die periode 55-58 nC. Die brief is dus ongeveer 20 jaar na Paulus se bekering geskryf, en ongeveer 10 jaar voor sy sterwe.

<u>Die geadresseerdes van die boek Romeine</u>

Lees Rom 1:7a. Uit hierdie vers is dit duidelik dat die brief gerig was aan al die geliefdes van God wat in Rome was, dus aan die gelowiges wat in die stad Rome was. Ons kan ons goed indink dat Paulus belang sou stel in hierdie gelowiges in Rome – onthou, Paulus was ‘n Romeinse burger – dus was wat in Rome gebeur vir Paulus belangrik. Maar boonop was Paulus juis die apostel vir die heidennasies – en daarom het hy ook in besonder belang gestel in hierdie groep gelowiges in Rome.

Die brief aan die Romeine is uniek in die sin dat dit gerig is aan ‘n gemeente wat Paulus nie gestig het nie, en wat hy selfs nog nooit besoek het nie – dit is anders as sy briewe aan die Korintiërs, Efesiërs, Galasiërs, Filippense of Tessalonisense. Dit is nie presies duidelik hoe hierdie gemeente in Rome tot stand gekom het nie – maar dit was nie deur Paulus se werk nie. Hy sou hulle egter baie graag wou besoek, en hy bid al reeds geruime tyd dat hy die geleentheid sal kry om spoedig Rome te besoek (Rom 1:10).

Uit Rom 15:28 leer ons wat Paulus se beplanning was. Lees dit. Op die stadium terwyl Paulus die brief aan die Romeine geskryf het was hy in Korinte. Hy was egter op pad na Jerusalem om die bydrae van die Masedoniërs vir die armes in Jerusalem te gaan afgee. Sy beplanning was om daarna van Jerusalem af te vertrek en via Rome na Spanje te reis. Sy plan was om tydens die besoek aan Rome hierdie gemeente te besoek. Sy doel met die brief was om solank voorbereiding te maak vir hierdie komende besoek aan die gelowiges in Rome.

Dit blyk verder dat die gemeente in Rome grotendeels bestaan het uit gelowiges wat uit die heidendom gekom het. Hierdie afleiding word gemaak uit die feit dat die name waarna in Rom 16 verwys word, nie tipiese Joodse name was nie. Lees ook Rom 1:13-16. Hier praat Paulus daaroor dat hy ook onder die Romeine 'n vrug sou wou bewerk soos onder die ander heidene. Dit skep die indruk dat die Romeinse gelowiges grotendeels afkomstig was uit heidense afkoms. Aan die ander kant is dit egter ook duidelik dat Paulus verstaan het dat hierdie gelowiges 'n goeie kennis gehad het van die Ou Testament, en dus die Joodse wortels van die Christelike geloof. Moontlik was daar ook Jode in hulle midde, of ten minste Joodse proseliete.

<u>Die karakter van die boek Romeine</u>

Soos ons nou reeds opgelet het, het Paulus nie die gemeente in Rome persoonlik geken nie. Die gevolg is dat die aard van hierdie brief verskil van Paulus se ander briewe. In die ander briewe was Paulus vertroud met die situasies in die betrokke gemeentes, en daarom vind ons dat hy dikwels spesifieke situasies in daardie gemeentes aanspreek. Maar dit is nie die geval met die brief aan die Romeine nie. Hierdie brief fokus veel meer op die groter prentjie rakende die evangelie. Dit fokus eerder op groot leerstellige waarhede waarvan Paulus die Romeinse gelowiges bewus wil maak, voor sy koms na hulle. Natuurlik is dit 'n reuse bonus vir ons – want nou het ons ook toegang tot hierdie diepgaande uitleg wat Paulus oor soveel groot waarhede gegee het.

Ons kry die gevoel dat Paulus teen die einde van sy derde sendingreis tot die gevolgtrekking gekom het dat sy werk in Klein Asië tot 'n groot mate afgehandel was. En daarom het hy nou begin fokus om van Jerusalem af verder wes te reis na Rome en Spanje om daar die evangelie te verkondig. Dan sou dit nuttig wees as hy hulle reeds vooraf inlig van sy oortuigings – daarom skryf hy hierdie brief aan die Romeine. Daar is ook 'n siening dat Paulus gewonder het of hy nie dalk in Jerusalem sou sterf nie – dan sou hierdie brief die laaste brief wees wat hy sou skryf – en dan maak dit sin dat hy hierdie groot waarhede in hierdie brief aangepak het.

Dit is ook duidelik dat Paulus twee groot onderwerpe in sy brief aanspreek:

- Die eerste onderwerp is die saak van "Regverdigmaking deur geloof." Natuurlik was dit die onderwerp van baie debat in die vroeë kerk – dit is immers wat die Christelike geloof van die Joodse geloof onderskei – geloof in die Here Jesus as die Christus. Maar teen die tyd dat Paulus aan die Romeine skryf, was hierdie saak reeds beredeneer, die boek Galasiërs wat ook hieroor handel, was ook alreeds geskryf. Daar was reeds 'n goeie begrip dat beide Jood en nie-Jood gered word alleen deur geloof in die Here Jesus. En Paulus gebruik nou die geleentheid in sy brief aan die Romeine om dit vir ons in detail te beredeneer. Rom 1-8 fokus op hierdie onderwerp.
- Die tweede onderwerp is verwant aan die eerste onderwerp. In sy behandeling van regverdigmaking deur geloof in die Here Jesus lê Paulus baie klem daarop dat dit geld vir Jood en nie-Jood – almal word op dieselfde manier gered. Maar dit het die vraag laat ontstaan oor wat gaan gebeur met die Jode, wat deel van God se Ou Testamentiese

uitverkore volk was, maar wat nie in die Here Jesus glo nie. In Rom 9-11 gee Paulus breedvoerig lering oor hoe ons hieroor moet dink.

Daar is ook 'n derde deel van die boek Rom, d.i. Rom 12-16. In hierdie deel gee Paulus riglyne oor hoe gelowiges behoort te leef as vrygespreekte mense.

Die redes hoekom ons Romeine moet bestudeer

Ek glo dat dit reeds duidelik is dat daar groot waarde in moet wees om die boek Romeine in detail te bestudeer. Maar laat my toe om 'n paar redes uit te lig wat Thomas in sy kommentaar beskryf oor hoekom dit so waardevol is:

- Intellektuele waarde: Geloof word dikwels afgekraak as iets wat irrasioneel en hoogstens emosioneel is. Daar word geredeneer dit is beter as jy nie jou verstand te veel gebruik om te glo nie – want dit is per definisie onlogies. Wel, ek dink Paulus trek meesterlik 'n streep hierdeur. Soos wat ons sal sien gaan jy voorwaar jou verstand moet gebruik om te begryp wat Paulus in die boek Romeine onder leiding van die Heilige Gees leer. En wat veral verstommend is, is dat die groot onderwerpe wat hy aanraak, wel logies aanvullend is tot mekaar, en dat dit logies saamwerk om God se einddoel te bereik. Trouens, jy moet jou verstand so goed gebruik, dat mense nou weer wil wegskram omdat hulle redeneer nou moet ons te veel ons verstand gebruik, want dit is te moeilik. Ek hoop dat dit duidelik sal word soos wat ons vorder in Romeine, God se handelinge met die mens is logies en rasioneel, en as ons ons inspan kan ons dit, ten minste tot 'n mate, begryp. Trouens, ons kan soveel begryp dat dit meer logies word om in die Here te glo, as wat dit is om nie in Hom te glo nie!
- Teologiese waarde: Ons het nou herhaalde male genoem dat Paulus groot teologiese onderwerpe aanraak. Dit beteken dat as ons Romeine behoorlik begryp, gaan ons ook groei in ons teologiese kennis. Dit sluit onderwerpe in soos sonde, geregtigheid, regverdigmaking, geloof, genade, uitverkiesing, die wet, liefde, en noem maar op. Dit is juis die feit dat Paulus hierdie groot onderwerpe logies aan mekaar verbind, wat maak dat ons 'n sinvolle geheelbeeld kan vorm van waarmee God besig is. En wat kan heerliker wees as dit?
- Geestelike waarde: Jy sou kon redeneer dat dit alles tot dusver baie akademies klink. En 'n mens sou dit alles bloot intellektueel en akademies kon bestudeer. Maar Paulus daag ons ook onder die leiding van die Heilige Gees uit om onsself te spieël in wat hy leer. Byvoorbeeld as hy leer dat alle mense van God afgedwaal het en in sonde leef, word jy gekonfronteer met die harde werklikheid dat dit ook van jou waar is. En as jy dit besef, besef jy ook genadiglik dat regverdigmaking deur geloof ook vir jou beskikbaar is. En kort voor lank is dit baie meer as 'n akademiese studie – dit word 'n geestelike opbouende ervaring waarin jy die Here beter leer ken.
- Praktiese waarde: 'n Bestudering van Romeine lei ook dikwels tot praktiese implikasies alreeds in hierdie lewe. Onthou wat ons vroeër opgelet het: Romeine het 'n belangrike rol in die 16de eeuse hervorming gespeel. Maar die waarde kan ook op 'n kleiner skaal wees: Na al Paulus se beredeneringe in hoofstukke 1-11, bereik hy die deel van sy brief waar hy vir ons uitwys wat die effek van dit alles ook prakties in ons lewens behoort te wees. Selfs jou alledaagse lewe gaan aangespreek word as jy Romeine verantwoordelik bestudeer.

Die metodes om Romeine te bestudeer

Dit is nuttig om te onthou dat Paulus die Romeine-brief nie aan 'n klomp hoog geleerde geestelike leiers in Rome gestuur het nie – nee, hy het dit aan die gemeente gestuur, dit was gerig aan die

gelowiges in die gemeente. Hierdie mense was gewone mense. Sommiges van hulle het waarskynlik geen akademiese opleiding gehad nie. Van hulle was moontlik selfs net slawe. En tog was Paulus onder die leding van die Heilige Gees oortuig hulle sal die inhoud van sy brief kan snap. Dit moet ons ook aanmoedig.

Verskeie kommentatore maak spesifieke aanbevelings oor hoe ons die boek moet bestudeer. Ek som dit kortliks op:

- Lees die boek Romeine in die Bybel. Ja, daar is plek vir kommentare oor die boek en ons sal netnou daaroor gesels. Maar lees Romeine in die Bybel. Lees dit oor en oor. Lees die hele boek, of desnoods, lees groot dele van die boek op 'n slag. Miskien verstaan jy nie alles aan die begin nie. Maar begin om 'n geheelbeeld te vorm waarmee Paulus besig is. En soos wat jy dele begin verstaan, sal die geheelbeeld ook meer sin maak. Lees die boek oor en oor.
- Wanneer jy die boek lees en bestudeer, doen dit biddend.
    - Vra die Here dat Hy jou deur Sy Heilige Gees sal lei om te begryp wat Hy aan ons wil kommunikeer. Vra dus vir intellektuele begrip van die inhoud van die gedeelte waarmee jy besig is.
    - Maar vra ook dat die Here jou daardeur sal oortuig sodat jy ook bereid sal wees om jou te onderwerp aan dit wat jy leer. Byvoorbeeld, as jy leer ons word deur geloof geregverdig, vra dat die Here ook aan jou hierdie saligmakende geloof sal gee.
- Gebruik hulpmiddels. Dit is eenvoudig so dat baie bekwame persone in die verlede al hierdie boek in diepte bestudeer het. Ons kan baie by hulle leer. Veral kommentare is baie nuttig om die boek te verstaan. Ek beplan om ten minste die volgende 5 kommentare te gebruik in hierdie studie:
    - Tasker se Tyndale kommentaar oor Romeine
    - William Hendriksen se kommentaar "Romans"
    - Griffeth Thomas se kommentaar "St Paul's Epistle to the Romans"
    - Stuart Olyott se kommentaar "The Gospel as it really is. Paul's Epistle to the Romans simply explained"
    - Steele and Thomas se boek: "Romans: An interpretaive outline"

<u>Afsluiting</u>

Ek is opgewonde daaroor om as die Here wil volgende week te begin om sistematies deur die boek Romeine te werk. Ek hoop dat vandag se inleiding jou ook opgewonde maak oor wat ons kan verwag wanneer ons na die detail van hierdie ryk boek begin kyk. Ek bid dat ons almal deur die bestudering van hierdie boek opnuut waardering sal ontwikkel vir die Here en Sy werk, wat ons elkeen sal aanspoor om ons verantwoordelikheid in Sy koninkryk na te kom.

Aan die Here behoort die heerlikheid.